



die uiteenlopende stemme van **LOMBARDY** LANDGOED EN GESONDHEIDSPA

Vra enige van die jong professionele en prominente besigheidsmense wat eiendomme in die Lombardy Landgoed en Gesondheidspa gekoop het, wat dit anders maak as enige ander landgoed, en jy sal verbaas wees oor die antwoorde.

Gewoonlik wanneer iemand dit gevra word, het die antwoord te doen met lewenstyl, of die afstand vanaf die stad of die naaste hoofpaaie. By Lombardy Landgoed is die antwoorde 'n bietjie anders. Die huiseienaars hier beskryf eerder elemente soos spasie, argitektuur, belegging, styl, sekuriteit, kwaliteit, status en dan nie net lewenstyl nie – maar organiese lewenstyl.

Eienaars soos besigheidsman Leo Haese, Voorsitter van die *Leo Haese Groep* wat onder andere *Leo Haese BMW* en verskeie eiendomsportefeuiljies insluit, was so beïndruk met Lombardy dat hy 'n huis in *Lombardy Lakes* vir hom en sy vrou gekoop het, sowel as drie eiendomme vir sy kinders. 'Dit was my droom om vir elkeen van my kinders toegang tot so 'n besondere lewenstyl te kan gee,' sê hy. 'Die natuur, die argitektuur, die styl, die sekuriteit en natuurlik die wete dat ek hulle elk 'n langtermynbelegging kan gee, is 'n voorreg.'

As 'n gerespekteerde besigheidsman maak Leo beleggings op grond van rotsvaste informasie. Hy doen sy huiswerk. Hy vind uit oor die ontwikkelaars, die omgewing en die langtermynvisie. Hy wil weet dat sy belegging in veilige hande is. 'Volgens die informasie wat ek ingesamel het, was ek oortuig dat die ontwikkelaar finansiële baie stabiel is, en dat hulle ook baie suksesvol is na aanleiding van hulle ander groot projekte soos die Oubaai Gholflandgoed naby Heroldsbaai,' sê Leo, wat ook ander eiendomme regoor Suid-Afrika besit. 'As jy appels met appels wil vergelyk, is daar net een ander landgoed in Suid-Afrika wat miskien naby aan Lombardy kan kom,' sê hy, 'en nie een in die omgewing nie.'

Danie Crous, huiseienaar en ook eiendomsontwikkelaar van luukse huise in en om Pretoria, stem saam. 'Dit laat enige iets anders in die omgewing redelik vaal lyk,' sê hy. 'Waar anders is jy omring deur water en mere, kan jy die water hoor en voel jy sommer rustig?'

Die organiese lewenstyl is iets waaraan die ontwikkelaar baie hard gewerk het. Met net onder 100 hektaar natuurskoon geleë aan die buitekant van Pretoria, was die uitdaging om 'n argitektoniese styl te ontwikkel wat by die landskap pas. Om dit reg te kry, is die hulp ingeroep van internasionale argitekthe WATG, bekroonde plaaslike argitekthe SAOTA, sowel as QTS Argitekthe om 'n klassieke styl wat bekend gemaak is deur meesterargitek Frank Lloyd Wright te herontwerp. Bekend as die 'Prairie'-styl, het Frank Lloyd Wright gebruik gemaak van sterk horisontale en vertikale lyne en groot oop spasies om 'n styl te skep wat bekendheid verwerf het as die 'Grondslag van Modernisme' en wat die natuurskoon in elke aspek van die ontwerp na vore bring. 'Die landgoed lyk ongelooflik! Die ontwikkelaar het geweldige vordering gemaak. Lombardy Landgoed

is 'n toonbeeld van ons visie en ons is baie trots om te kan deel wees van die ontwikkeling van hierdie huise. Wanneer dit klaar is, sal dit 'n kwaliteit produk wees,' sê Greg Truen van Stefan Antoni Olmesdahl Truen Argitekthe (SAOTA).

Vir besigheidspersoonlikhede Pieter en Annelies Grobler wat die gerespekteerde *House of Hair*-salonne in Pretoria besit, was dit die argitektuur wat hulle aandag getrek het. 'Dit is absoluut uniek,' sê Pieter. 'In styl, kwaliteit, spasie en ontwerp. Plus die natuurskoon maak dit selfs nog meer privaat en oop. Dit is ons plattelandse wegbreekplek in die stad.' Met meer as 25 verskillende soorte inheemse bome, meer as 45 verskillende soorte inheemse struik, blomme en bosse, en 'n wye verskeidenheid voël- en dierlewe, is daar ongeveer 40 permanente tuin- en onderhoudspersoneel wat elke dag sorg dat die landgoed ten all tye in die perfekte kondisie is. 'Om presies te wees,' sê Pieter, 'ons was so mal daaroor dat ons sommer twee eiendomme gekoop het!'

Vir suksesvolle in- en uitvoerder, Marius van Schalkwyk, was dit ook die produk self wat die verskil gemaak het. 'Lombardy as 'n produk is uniek. Ek het orals gekyk en hierdie was werklik die beste produk – 'n plek waar ek my familie kan sien groei in die volgende hoofstuk van my lewe,' sê hy. Hy verwys nie net na die argitektuur nie, maar ook die luuksheid van die hele ontwikkeling soos die 5-Ster-boetiek hotel en konferensiesentrum, tegnologiese gevorderde sekuriteitsstelsel, uitgebreide groen spasies en 'n gesondheidspa onder beheer van *Spas of Distinction* wat in 2011 sal oopmaak. Hy is veral beïndruk met die toewyding en ondersteuning van die ontwikkelaar – 'n internasionale konglomeraat, die Kharafi Groep. 'Vanaf die oomblik wat ek begin bou het, het die ontwikkeling aan die landgoed deur die ontwikkelaar nog nie opgehou nie. Selfs gedurende die resessie dink ek Lombardy was die enigste landgoed waar die ontwikkelaar aktief besig was om te bou en aangehou het om geld te spandeer op die ontwikkeling.'

Die huiseienaars in Lombardy is gelukkig met hulle aankope. Soos Albert Moffat, 'n korporatiewe binneshuisversierder en eenaar van *Moffat's Creations* dit stel: 'As beleggers in Lombardy Landgoed het ons gekoop omdat ons geglo het in die produk en is ek tans besig om 'n ongelooflike huis van 900m² met 'n 81m² wynkelder te bou.'

Die eienaars het gepraat. Uit verskillende monde kom een boodskap. Lombardy Landgoed en Gesondheidspa is die plek om te bly indien jy al 'n sekere plek in jou eie lewe bereik het, waar jy wil leef saam met die natuur, in stilte en met inspirasie. Om natuurlik bure te hê wat dieselfde voel, help ook.

Vir meer inligting oor die boetiekhuse, tuinhuse en eiendomme wat nog beskikbaar is by Lombardy Landgoed, bel asseblief vir Donovan Lallyett by 082 940 9265, Ronél van der Linde by 082 787 9138, Colette Schönborn by 082 457 5818 of e-pos info@lombardystate.co.za



LOMBARDY
ESTATE & HEALTH SPA

www.lombardystate.co.za

Tuinhuse vanaf R975 000 | Boetiekhuse vanaf R2.5m | Eiendomme vanaf R900 000
(Pryse korrek by tye van ter perse gaan.)